BRAINOMETRY
LIESL BEKKER

# VAK- EN LOOPBAANVOORLIGTING INLIGTING

## Wat is dit?

'n Aanlegassessering word gewoonlik versoek deur 'n ouer of leerder wanneer daar besluit moet word oor vakkeuses in graad 9 of studierigtings en loopbaanopsies in graad 11 en graad 12. Aanleg-assesserings kan egter in enige graad vanaf graad 7 tot die ouderdom van 22 gedoen word. Loopbaanvoorligting kan ook op ander maniere en met ander toetse aangebied word – 'n aanleg-toets is slegs een van die psigometriese toetse wat ons gebruik.

## Hoekom doen ons dit?

Loopbaanbeplanning is 'n baie belangrike deel van 'n persoon se toekoms, en dit is noodsaaklik dat leerders vakke kies wat ooreenstem met hul vermoëns en belangstellings, en wat hulle ook in staat stel om 'n loopbaan te kies waarin hulle bevoeg en vervuld sal wees. Om 'n toekomstige loopbaan te kies, kan oorweldigend en verwarrend wees. Met loopbaanvoorligting volg ons die Life Design-tegniek om individue te help om selfkennis te verkry, 'n loopbaanpad te vind en meer doelgerigte lewens te leef.

## Hoe doen ons dit?

Die assessering analiseer verstandelike vermoëns, belangstellings- en persoonlikheidsfaktore om te bepaal watter vakke en loopbane die beste by die leerder se unieke profiel sal pas. Ons gebruik ook spesifieke onderhoudstegnieke om individue in staat te stel om ingeligte besluite oor hul toekoms te neem. Benewens die toetse gebruik ons 'n narratiewe proses om 'n duidelike prentjie van die leerder se self- en wêreldbeskouing te verkry.

Die ouers is deel van die proses en voltooi ook 'n vraelys. Die loopbaanvoorligtingsproses is 'n samewerkende proses.

## Hoe lank neem dit?

Die assessering neem 4-6 uur en kan in een oggend of oor twee middae gedoen word. Die tydsduur hang af van watter toetse gebruik word. Tipies sluit 'n 4-5 uur sessie IK-toetse, aanlegtoetse, belangstellings-, persoonlikheids- en emosionele toetse in. Die terugvoer sessie neem dan nog 'n uur. Assesserings vind plaas by my kantoor in George of Paarl en duur tipies van 08:00 – 13:00. As 'n individu slegs belangstellings- of persoonlikheidstoetse doen, spandeer hulle minder tyd in my kantoor.

Die toetse is ook aanlyn beskikbaar. Die leerder ontvang 'n skakel wat hulle in staat stel om die toetse in hul eie tyd en spasie aanlyn te doen en die uitslae word dan direk na die praktyk gestuur.

## Hoe werk die uitslae en verslag?

Na afloop van die assessering word 'n verslag met al die resultate en aanbevelings saamgestel. Dit neem ongeveer een week. Die verslag word digitaal beskikbaar gestel en per e-pos aan die ouers gestuur. Daarna word 'n terugvoeringsessie geboek waar die uitslae met die ouers en leerder bespreek word.

## Hoe werk die prosedure?

'n Assessering word via WhatsApp by 0844066012 bespreek. Die assessering vind gedurende 'n oggend plaas. Die leerder moet sy of haar potloodsakkie, iets om te eet en drink, die jongste rapport en iets warms om aan te trek, saambring. Na 'n week is die verslag gereed en word die resultate met die ouers bespreek of slegs aan hulle gestuur (afhangende van die ouers se voorkeur).

## VAK- EN LOOPBAANVOORLIGTING INLIGTING

### Wat is die kostes?

Om ouers te help om kostes te bespaar, word agtergrondinligting via vorms ingesamel in plaas van 'n persoonlike konsultasie. Let asseblief daarop dat die akkuraatheid van die biografiese besonderhede in die verslag afhang van die inligting wat deur die ouers verskaf word. Net so, om verdere koste te verminder, word 'n volledige gekleurde verslag per e-pos gestuur. As ouers 'n harde kopie van die verslag verkies, kan dit teen 'n ekstra R300.00 bestel word. Terugvoer van die uitslae is in die vorm van 'n konsultasie.

Ons werk met die uurtariewe soos voorgeskryf deur die verskillende mediese fondse (R1,194.70 - R1,200.00 afhangende van die fonds – kontak asseblief u mediese fonds vir die korrekte inligting).

By hierdie praktyk hef ons 'n pakketfooi van R3,600.00 per assessering vir 'n in-persoon toetsing om die diens vir die meeste ouers toeganklik te maak. As u 'n sessie bespreek vir die volledige pakket (aanleg, persoonlikheid en belangstellings), betaal u die pakketprys van R3,600.00 wat die 4-uur assessering, die verslag via e-pos en 'n terugvoerkonsultasie insluit. Indien die leerder verkies om aanlyn te skryf beloop die kostes R2,700.00 As die assessering teen die mediese fonds se uurtarief gehef sou word, sou so 'n sessie normaalweg R5,970.00 kos. Ek het 'n kontantpraktyk, wat beteken ouers betaal my vooraf of op die dag van die assessering, ek stuur 'n kwitansie en dan kan hulle van hul mediese fonds terugeis. Betaling moet voor of op die dag van assessering geskied. Geen verslae word uitgereik sonder betaling nie.

- Assessering (R3,600.00 vir 4 ure – aanleg, belangstellings en persoonlikheid)
- Assessering (R2,000.00 vir 2 ure – belangstellings en persoonlikheid sonder aanleg)

Verslag – geskryf en per e-pos aan ouers en/of skool gestuur. Digitale kopie ingesluit by volle pakket. Harde kopie ekstra R300.00.

Groepassesserings word ook teen skole aangebied teen 'n verminderde prys, afhangende van hoeveel leerders inskryf. Vir 'n groep van 10 leerders is die assessering R2,000.00 per persoon, en vir 20 leerders is dit R1,500.00 per persoon, insluitend die verslag maar sonder terugvoersessie. Hierdie groepassesserings moet deur 'n ouer of die skool gereël word. Indien die groep meer as 30 is, daal die tarief tot R300.00 per leerder.

Indien daar steeds onduidelikheid is kan u my gerus whatsapp. Daar is ook baie inligting en twee aanlyntoetse op my website by www.brainometry.co.za Onder die Careerology skakel.